**<u>Skriflesing:</u>** Eksodus 14
Teks: **Eksodus 14: 19-20**
**Sing- VOORAF SANG: Ps. 98:1,4**
**TYDENS EREDIENS: Ps. 84:2,3; Ps. 9:1,5; Ps.105:16, 18; Ps. 33:2,5**

## <u>Eksodus 14</u>

Exo 14:1 Die Here het vir Moses gesê:
Exo 14:2 "Beveel die Israeliete om weg te draai en kamp op te slaan naby Pi-Hagirot tussen Migdol en die see. Regoor Baäl-Sefon by die see moet julle kamp opslaan.
Exo 14:3 Dan sal die farao dink die Israeliete het verdwaal en is deur die woestyn vasgekeer.
Exo 14:4 Ek sal die farao weer koppig maak, sodat hy julle agtervolg, en Ek sal my mag laat geld teen hom en sy leër. Dan sal Egipte besef dat Ek die Here is." Die Israeliete het die bevele uitgevoer.
Exo 14:5 Toe die koning van Egipte die berig kry dat die volk vir goed weg is, het sy houding en dié van sy amptenare teenoor die Israeliete verander. Die Egiptenaars het gesê: "Wat het ons aangevang dat ons die Israeliete laat trek het? Nou is ons hulle diens kwyt!"
Exo 14:6 Die farao het sy strydwa laat inspan en sy leër saam met hom gevat.
Exo 14:7 Hy het sy ses honderd beste strydwaens gevat, asook al die ander Egiptiese strydwaens, elkeen met 'n bemanning van drie.
Exo 14:8 Die Here het die farao, die koning van Egipte, koppig gemaak sodat hy die Israeliete agtervolg het, maar die Israeliete het onder die beskerming van God verder getrek.
Exo 14:9 Die Egiptenaars het hulle agtervolg, en al die strydwaens van die farao met bemanning en leërmag het hulle ingehaal terwyl hulle besig was om by die see kamp op te slaan, naby Pi-Hagirot regoor Baäl-Sefon.
Exo 14:10 Toe die farao nader kom, sien die Israeliete skielik die Egiptenaars sit hulle agterna. Hulle het baie bang geword en benoud na die Here geroep.
Exo 14:11 Hulle het vir Moses gesê: "Is daar nie begraafplek in Egipte nie dat jy ons saamsleep om in die woestyn te sterwe? Wat het jy ons aangedoen dat jy ons uit Egipte laat trek het?
Exo 14:12 Ons het jou mos in Egipte gesê om ons te laat staan dat ons vir die Egiptenaars werk. Dit is vir ons beter om vir hulle te werk as om hier in die woestyn om te kom."
Exo 14:13 Maar Moses het die volk geantwoord: "Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie.
Exo 14:14 Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg."
Exo 14:15 Toe het die Here vir Moses gesê: "Waarom roep julle so benoud na My? Sê vir die Israeliete hulle moet verder trek.
Exo 14:16 En jy, lig jou kierie op en steek jou hand oor die see uit en kloof dit oop sodat die Israeliete op droë grond kan deurgaan.
Exo 14:17 Ek sal die Egiptenaars so koppig maak dat hulle die Israeliete sal agtervolg. So sal Ek my mag laat geld teenoor die farao en sy hele leër: strydwaens en bemanning.
Exo 14:18 Wanneer Ek my mag laat geld teenoor die farao, sy strydwaens en hulle bemanning, sal Egipte besef dat Ek die Here is."
Exo 14:19 Die Engel van God wat altyd voor die Israeliete uit beweeg het terwyl hulle getrek het, het nou agter hulle plek ingeneem. Ook die wolkkolom wat voor hulle was, het agter hulle ingeskuif,
Exo 14:20 tussen die Egiptenaars en die Israeliete. Aan die Egiptiese kant was die wolk donker en aan die Israelitiese kant het dit die nag verlig. Die hele nag deur het die twee groepe nie nader aan mekaar gekom nie.
Exo 14:21 Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die Here het daardie hele nag die water met 'n sterk oostewind weggedryf, sodat die water oopgekloof en die see daar drooggelê is.
Exo 14:22 Die Israeliete het op droë grond deur die see gegaan, en die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan.
Exo 14:23 Die Egiptenaars het hulle agternagesit: die farao se perde, strydwaens en bemanning is almal agter hulle aan die see in.
Exo 14:24 In die vroeë môre het die Here uit die vuur- en wolkkolom afgekyk op die Egiptiese leër en verwarring onder hulle gesaai.
Exo 14:25 Hy het die wiele van hulle strydwaens laat uitval, sodat hulle skaars kon beweeg. Toe sê die Egiptenaars: "Ons moet wegkom van die Israeliete af, want die Here veg vir hulle teen Egipte."
Exo 14:26 Maar die Here het vir Moses gesê: "Steek jou hand uit oor die see sodat die water oor die

Egiptenaars, oor hulle strydwaens en bemanning kan stroom."
Exo 14:27 Moses steek toe sy hand oor die see uit. Teen dagbreek het die see teruggestroom oor sy bodem en die Egiptenaars het hulle teen die water vasgevlug: die Here het hulle deur die see laat meesleur.
Exo 14:28 Toe die water terugstroom, was die strydwaens en bemanning, die hele leërmag van die farao wat agter die Israeliete aan die see in is, tóé onder die water. Daar het nie een van hulle oorgebly nie.
Exo 14:29 Maar die Israeliete het op droë grond deur die see gegaan en die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan.
Exo 14:30 Die Here het Israel daardie dag gered van Egipte, en die Israeliete het die Egiptenaars dood op die strand sien lê.
Exo 14:31 Toe Israel sien hoe kragtig die Here teen Egipte opgetree het, is hulle met ontsag vir Hom vervul. Hulle het in die Here geglo en ook in Moses, sy dienaar.

**Skriflesing:** Eksodus 14
Teks: **Eksodus 14: 19-20**
**Sing- VOORAF SANG: Ps. 98:1,4**
**TYDENS EREDIENS: Ps. 84:2,3; Ps. 9:1,5; Ps.105:16, 18; Ps. 33:2,5**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wolke is iets wat besonder mooi kan wees. Allerhande patrone en kleure wat daarúít na vore kan kom. Iets waaraan ’n mens jou kan verkyk so mooi kan dit wees. Dan besef ons dat wolke moet nie net na gekyk word nie, op ’n manier moet daar ook na wolke geluister word. Nie dat die wolke kan praat nie, maar tog dra hulle dikwels ’n besondere boodskap sonder om ’n woord te sê. As wolke wegbly en wegbly dan word dit droog. Dis asof wolke dit uitspel met ’n of-of boodskap. As daar genoeg wolke is dan is dit of reën en as dit wegbly dan is dit droog. Droogte wat iets verskriklik kan wees as die wolke net eenvoudig wegbly ...

Op die manier kan die boodskap van die wolke ons lewens radikaal beïnvloed. Ja, die radikale van die wolke moet in God se Woord ook raakgesien word. Kom ons die boodskap nie wil mis nie! Ons gaan kyk na die wolke by die uittog. Daarna die wolke as hulle deur die see trek. Derdens hoe heerlik die wolk kan wees maar tog ook iets verskriklik. In die laaste plek wat Jesus met die wolke maak. Eerste dan –

***Die wolke by die uittog:***

As God sy volk Egipteland uitlei is dit asof wolke God se teenwoordigheid keer op keer bevestig. Op ’n manier was die wolke ’n baie spesiale teken van die Here se genade, bemoeienis, sorg en leiding. Met die uittog van Israel lees ons aan die einde van hoofstuk 13 al die besondere sorg en leiding wat God deur ’n dagwolk en ’n nagwolk kon bied ... *21 Die Here het bedags met 'n wolkkolom voor hulle uit gegaan om vir hulle die pad te wys en snags met 'n vuurkolom om vir hulle lig te verskaf, sodat hulle dag en nag kon trek. 22 Die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags het altyd voor die volk gebly.*

Dadelik besef ons hier gebeur iets buitengewoon. God se heerlikheid, sy mag, sy majesteit was letterlik in die wolke. Die woestyn wat ’n baie warm droë plek kan wees, die son wat jou daar dood kan brand, bedags is daar ’n wolk oor hierdie derduisende trekkers wat ’n sagte koelte oor hulle laat skyn terwyl hulle aan die trek was. Snags dan kom daar vuurkolom, ’n vuurwolk, iets van ’n nagtelike kolonnade, wat die donkerte wegjaag en Israel kan bly voorttrek. Dit sou eintlik al trekkende so ’n besondere atmosfeer rondom die trekkers kon skep wat later ook in Psalm 105 vers 39 besing word - *39 Die Here het 'n wolk uitgesprei as beskutting oor hulle en 'n vuur gegee om lig te maak in die nag.* Hierdie dag- en nagteken, geteken in die wolke, sou nie net ’n beskutting wees nie, dit sou hulle landkaart en hulle kompas wees. Daar waar die wolk beweeg daardie rigting beweeg die volk. So wys die wolk die pad. So het hulle deur die wolke gebly op die HERE se pad. Maar die wolke het verder gegaan as ons kom by ons tweede gedagte –

***<u>Die deurtog deur die Rooisee was nie wolkloos nie:</u>***

God se pad en die pad wat mens wil loop, kan nogal ingrypend van mekaar verskil. Dit werk ook ingrypend op mekaar in. Die pad wat jy wil loop is dikwels so anders as die pad wat God klaar besluit het jou pad sal wees. Jy kan dan nog probeer jou eie pad te loop maar jy sal jou vasloop. Wie aan God behoort sal ook gedwing word om God se pad te loop, al wil jou rigting dalk anders wees.

As ons God se volk na kyk en ons bekyk die trek deur die woestyn, ook daardie eerste drie maande van hulle trek, dan sal baie mense dalk hulle kop wil skud. Ja, daar is aangrypende dinge wat God met sy volk doen, dinge wat dikwels op ’n Sondag gebeur het, op ’n Sondag besondere betekenis sou dra. Op ’n Sondag was die dood van die eersgeborenes in Egiptiese huise ’n verskriklike werklikheid gewees, vanuit hierdie werklikheid het Israel begin trek. Op ’n Sondag het die uittog begin. Moet dit nie vergeet nie. Ons kom hierop terug.

***

En Israel trek nie met ’n reguit pad nie. Hulle sou kompleet lyk soos ’n klomp verdwaalde skape. Doelbewus wou God dat die trek van Israel moet lyk asof hulle doelloos in die woestyn rondswerf. Die direkte roete vanuit die land Gosen in Egipte tot waar Israel uiteindelik sou moes kon uitkom, by Kanaän, hulle beloofde land is op die langste eintlik net ’n maand se trek. Tog het Israel nie minder nie as 40 jaar in die woestyn moes rondswerwe tussen lande en gebeure wat ’n ander mens binne ’n maand dieselfde pad kan voltooi.

Hoekom só? Wat sê dit vir jou in die lewe wat ons vandag lewe? Moet nie dink om slimmer as God te wil wees nie. Die Here se pad is dikwels so anders en soveel langer as wat jy jouself dit dalk voorgeneem het. Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie en sy wee is nie ons wee nie. Sy gedagtes bly hoog verhewe terwyl ons maar net met ons eie aardse plannetjies besig is wat nie noodwendig altyd gaan uitwerk nie. Tog laat God dinge op die einde uitwerk soos dit moet uitwerk. Daaraan mag ons nie twyfel nie.

***

Met Israel was dit net so. In Eksodus 14 vers 3 lees ons God het met opset sy volk al die eerste 3 maande in die woestyn laat rondswerwe om by Farao en die Egiptenaars die indruk te wek dat die volk verdwaal het en die woestyn hulle ingesluk het (vgl. Eks 14:3). In vers 4 dan maak God sy dubbele plan bekend waarom die eerste paar maande sou lyk na 'n doellose rond dwalery. God is steeds met die Farao besig al is Israel nie meer daar nie - *4 En Ek sal Farao se hart verhard, dat hy hulle agtervolg; en Ek wil My aan Farao en sy hele leërmag verheerlik, en die Egiptenaars sal weet dat Ek die HERE is.*

***

Die mens wat hom/haar teen God wil verhef soos met Farao ook hier die geval was, elke keer word hulle in hulle koppigheid net nog harder. God wil dat Farao wat hom so teen God verhard het, ja tien plae was nie genoeg om hom op die langer duur tot ander en beter insigte te bring nie. Die eersgeborene in sy eie huis het oor sy pa se koppigheid gesterf maar sê God dat hy sal Farao se hart nog weer harder laat word sodat hy en almal in Egipte sal weet Wie die Here is. Wie is die Here teen Wie hulle hul elke keer wil verset.

Tog moet ons die verskuiwing van wolke by die deurtog deur die see nie mislees nie. Die see was nie wolkloos nie! Juis ons tekswoorde vandag - *Ook die wolkkolom wat voor hulle was, het agter hulle ingeskuif, 20 tussen die Egiptenaars en die Israeliete. Aan die Egiptiese kant was die wolk donker en aan die Israelitiese kant het dit die nag verlig. Die hele nag deur het die twee groepe nie nader aan mekaar gekom nie.*

Ons besef die wolk wat vir Israel skaduwee en lig en leiding kon bied, tog kom daar oordeel en verdoemenis oor die goddelose. Aan die een kant as die volk die see sou inbeweeg, aan dié kant

gee die wolk lig, maar dieselfde wolk is aan die ander kant donker. As Farao aan die seekant kom is dit vir hulle 'n donker besigheid.

Ons lees selfs die tyd wat dit gebeur, as ons lees dit was by die *laaste môrewaak* (v.24). M.a.w. drie uur in die oggend. Hoe presies werk God in sy besluite en handelinge. As Jesus honderde jare later ook op die see na sy dissipels aangestap gekom het, was dit ook drie uur die môre, of soos ons dit in van die vertalings lees – die tyd van die laaste nagwaak (vgl. Matt.14:25). Nie net God se horlosie werk met goddelike presisie nie, maar ook God se kalender.

***

Opmerklik hoe gebeure in fases van drie maande afspeel. Vir drie maande was Egipte geteister deur die tien plae. Dan kom die volgende fase van drie maande. Die Sondag wat die trek begin het, die lang geswerf in die woestyn, later die wonderbare deurtog deur die see en God slaan sy kalender weer oop, presies drie maande later by die berg Sinai. Die woestyn, die see, die berg. By die berg Sinai het God 'n afspraak gemaak dat hier moet sy volk weer saam wees, daar sal weer wolke wees wat praat, ja die dag en datum wat hulle by Sinai moes wees, was vasgestel (vgl. Eks 3:12 en Eks 19:1). Dit bring ons by ons derde gedagte vandag.

***<u>Hoe heerlik die wolk kan wees maar tog ook iets verskriklik:</u>***

Ons het eintlik dit alreeds kon raaksien. By die see was dit só, een kant gee dit lig, aan die ander kant was dit donker. God se sigbare en heerlike teenwoordigheid het die teenoorgestelde uitwerking op die verlorenes. Vir die gereddes, so heerlik, vir die ongeredde, verskriklik! En dit alles in presies dieselfde gebeure opgesluit. God het al die onderskeid by die verskillende plae begin wys. Met die eerste drie plae kon die Egiptiese towenaars nog elke keer die plaag na-aap. Ja, Jannes en Jambres die groot towenaars van Egipte is by die derde plaag geforseer om vir die Farao te waarsku- *Dit is die vinger van God* (vgl. Eks 8:19).

By die vierde plaag maak God sy skeiding duidelik soos die wolk later ook skeiding sou afteken. Een kant lig ander kant donker. As God die vierde plaag stuur is die merkwaardige net in die Egiptiese huise en lewens het die vlieë toegeslaan, maar vir Israel het die steekvlieë nie gepla nie. Ons lees Eks 8:21-22- as die Here die Farao waarsku ... *kyk, Ek gaan op jou en jou amptenare en jou mense en in jou huise steekvlieë loslaat. Die huise van die Egiptenare sal vol steekvlieë wees, selfs op die grond waarop hulle staan. 22 Maar op daardie dag sal Ek 'n*

*uitsondering maak van die Gosenstreek, waar my volk 'n staanplek het. Daar sal nie steekvlieë wees nie, sodat jy kan weet dat Ek, die HERE, hier in die land is.*

God wat wonderbaarlik werk, nie net met die steekvlieë en by die see nie, maar by die berg Sinai gebeur dinge ook weer rondom ’n wolk.  As Israel presies drie maande na die uittog by die berg Sinai kom dan het die wolk wat hulle die hele tyd deur die woestyn en die see gelei het, by die berg Sinai gaan stilstaan.  Dit is nou ’n baie donker wolk. Ook die sterk helder klank van ’n ramshoring.  Ons lees in Eksodus 19 hoe dit op die berg en rondom die berg afspeel na die wolk daarop afgesak het.  En dan vanuit die wolk begin God te spreek. Eksodus 19 vers 19 -  *Moses het gepraat, en God het hom in die donderslae geantwoord.*

Kan ons aanvaar voor God die Tien Gebooie in geskrewe vorm aan Moses sou oorgee, op twee kliptafels geskrywe, sou God Self daardie gebooie afgelees het.  Uit daardie wolk op die berg kondig die Here voor die ore van die hele volk sy Tien Gebooie aan. Dit waarna ons ook vandag weer met heilige eerbied na moes luister.  Die genade was ons het in Christus daarna kon luister, die wolk wat ons bedek as ons na God se gebooie kan luister, is Christus Self.  In die sin word Hy vir ons die wolk wat ons bedek.  As die Hebreër skrywer baie honderde jare later deur die Heilige Gees gedrywe die dinge op die berg beskryf dan lees ons in Hebreërs 12: 18-19... *18 Julle het immers nie gekom by 'n tasbare berg met brandende vuur, donderwolke, duisternis, stormwind,19 trompetgeskal en geklank van woorde nie. Hulle wat dit gehoor het, het gesmeek dat geen woord meer tot hulle gerig moes word nie.*  Die wolk alleen as bedekking was te min. Die volk weet hoe skuldig hulle is.  Elke gebod het hulle skuld net nog meer en dieper blootgelê. Daarom die smeking dat God nou nie meer direk tot hulle moes spreek nie.

Dit is die bewys die wolk bevat soveel heerlikheid maar dit kan ook wees iets verskriklik. Dieselfde Hebreërs wat dan bevestig - *Onse God is ’n verterende vuur* (Heb. 12:29).  Dit bring ons vandag maar net weer by die besef ons het soveel meer nodig as net die wolke wat God se Woord ons so wonderbaarlik bied.  Ons het vir Jesus Christus nodig.  Ook dan ons laaste gedagte vandag -

***<u>Dit wat Jesus met die wolke maak:</u>***

Op besondere plekke in God se Woord word Jesus se strategiese teenwoordigheid met wolke of wolkedonkerheid beklemtoon. Op die berg van verheerliking het ’n wolk Jesus oordek en sy hele gesig het begin skitter soos toe die Here vir Moses ook na die berg Sinai laat opgaan het en ons lees hoe het Moses se gesig geblink. Uit die wolk wat Jesus by die berg van heerlikheid omvou het, uit daardie wolk het God gespreek- *Dit is my geliefde Seun, luister na Hom* (Luk. 9:35).

As Jesus vir ons sonde gekruisig word, dit wat die wolke nie kan bedek nie, tog het dit daardie Vrydag, vóór dit weer Sondag kon wees, vir drie ure oor hierdie aarde donker geword. Van 12h00 tot 3h00 daardie middag. Die duisternis wat ’n plaag was in Egipte word nou ’n werklikheid rondom die kruis. Die Skrif wil ons laat raaksien hierdie duisternis was oorweldigend, soos ’n duisternis wat alleen dik, ondeurdringbare wolke kan veroorsaak. In Egipte was dit die negende plaas wat drie dae aangehou het, aan die kruis het dit vir drie ure aangehou. Iets van 3X3...? Ook was Golgota deur ’n aardbewing geskud, maar toe God sy Wet by Sinai gegee het, het, het ook die berg gerook en geskud, asof die verterende vuur nou ’n lawa-vuur geword het.

***

Ten laaste besef ons Jesus het na die kruis as’t ware met ’n wolk die hemele ingevaar. Die wolk soos by die see wat skeiding bring. Jesus het eenvoudig agter die wolk weggeraak maar sy kinders nie weerloos gelaat nie. Dit hang af aan watter kant van die wolk jy jou bevind. Aan sy ligkant of sy donker kant, terwyl jy besef dis dieselfde wolk! Watter troos as Paulus ook later die wolke nie weglaat nie. Met die dag van die opstanding lees ons in 1 Thes 4:17- *17 daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees.*

Mag die boodskap van die wolke ons vandag laat raaksien, vir dié in Christus beteken die laaste wolk die omhulling en onthulling van ewige heerlikheid. Vir dié sonder Christus sal dieselfde wolk hulle inlyf by ewige verskrikking. Ons besef die boodskap van die wolke kan of lewens red of is ’n bevestiging aan dié wat reeds verlore is.

AMEN